**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**JUNIE 2017**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit _14___ bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings :

   AFDELING A: KORTVERHALE (60)

   AFDELING B: GEDIGTE (40)

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**AFDELING A: KORTVERHALE**

Beantwoord AL die vrae wat volg.

**Vraag 1: Geen ander uitweg (Jack Byrne)**





Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> "En nou's hy dood en hulle is myne. Alles, en al die geld wat hulle verdien."
>
> Doug dwaal verstom deur die kamer. " Die plek is mal, Linny. Daar is rekenaarterminale en skerms oral."
>
> Lindsay kyk rond terwyl sy drankies vir hulle maak.
>
> "Dié een was sy beste speelding. Net omtrent alles is ingeskakel by die sentrale rekenaarstelsel, hitte, elektrisiteit, water, toegang tot telefone ... alles."
>
> " Jene, kan jy nie in of uitkom tensy jy die kodes ken nie ..."

1.1. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

1.1.1. Die verhaal begin (voor die begrafnis/ na die begrafnis) van Jonathan. 1

1.2. Wat was die verhouding tussen Lindsay en Jonathan? 1

1.3. Waarom is dit ironies dat Lindsay en Doug vir Jonathan vermoor het? 2

1.4. Waarom was Lindsay so gelukkig in die uittreksel ? Haal die sin aan om jou antwoord bewys 1

1.5. Wat sou sy alles deur haar man se dood kry? Noem twee dinge. 2

1.6. Daar was baie van Jonathan se rekenaarterminale in die kamer.

Wat vertel dit vir ons van sy karakter? 1

1.7. Hierdie volgende stelling is ONWAAR. Bewys jou antwoord deur 'n sin uit die uittreksel aan te haal.

1.7.1. **Die sentrale rekenaarstelsel beheer net hitte.** 1

| |
|---|
| " O gaats. Ek het amper vergeet." Jonathan se stem weerklink weereens uit die ander kamer, en die twee haas hulle terug na die skerm.<br><br>" Daar's 'n pakkie vir jou op die tafel in die hoek, Lindsay. Daar's een vir jou ook mnr. Kissman. Maak hulle asseblief nou oop. Ek wag 'n oomblik." |

1.8. Kies elke keer die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die letter neer.

1.8.1. **Jonathan praat met Lindsay en Doug deur :**

A. 'n beveiligde inbelprogram

B. 'n kommunikasiesentrum

C. 'n sentrale rekenaarstelsel 1

1.8.2. **Die enigste uitweg uit die huis is wanneer**:

A. die sensor net een persoon se hitte registreer.

B. die ou kodes gebruik word.

C. die rekenaar vernietig word. 1

1.9. Wat was Jonathan se bynaam vir Doug? 1

1.10. Watter drankie het Lindsay vir Doug geskink? 1

1.11. Wat was in die pakkie wat Lindsay en Doug ontvang het? 1

1.12. Wat moes hulle met die inhoud van die pakkie doen? 1

**[15]**

**Vraag 2: Bodyguards (Anzil Kulsen)**





Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord die vrae wat volg.

> " Ek wonder met wie van hulle drie vry daai *girl* nou eintlik?"
>
> Die outjie wat na my beduie, lyk nie eens of hy skrik toe ek hom vang skinder nie. Dalk wou hy hê ek moet hom hoor. Hy gaap my heelaand aan waar hy tussen sy vertraagde buddies langs die dansvloer sit.
>
> Net daar trek ek Envir van sy stoel af op en verlei hom in 'n smeulende lambada op die dansvloer waar niemand anders nou dans nie. Die outjie se oë volg elke beweging van my uittartende lyf. Kyk,ek kȧn dans. As 'n mens met Doepie, Envir en Jerome uithang, ken jy elke dansmove wat ooit uitgedink is. Die vier van ons het niks in gemeen nie, behalwe dat ons mense se tonge fiks hou en soms 'n klomp twak aanvang net vir die fun. En almal iets géé om oor te praat.

2.1. Wat is 'n "lambada"? 1

2.2. Watter woord beskryf die passie van die lambada? 1

2.3. Die volgende stelling is WAAR.

**Die seun hou die hele aand vir Chantal dop** .

2.3.1. Bewys jou antwoord deur een sin aan te haal. 1

2.4. Wat is die seun se naam? 1

2.5. Met wie dans Chantal die lambada? 1

2.6. Wat bedoel Chantal as sy sê : "Ons hou mense se tonge fiks"? 1

2.7. Wie hou "die mense se tonge fiks?" ( Noem 4 name) (2 X ½ = 2)

2.8. Wie gee toestemming dat Chantal met die seun mag dans? 1

2.9. Watter een van haar vriende is “abnormaal”? 1

2.10. **Chantal breek die reëls wanneer sy by die klub is.**

2.10.1. Stem jy saam met die stelling? 1

2.10.2. Gee ‘n rede om jou antwoord te bewys. 1

| |
|---|
| “Dink jy jou ma sal van my hou?”<br>Ek kry nie dadelik my oè oopgemaak nie. Sy asem is warm teen my oor. Sy hand nog in my hare. Dit voel asof dit al is wat my op die oomblik regop hou.<br>“Miskien.”<br>“En jou pa?”<br>Ek grinnik. “Ek sal nie geld daarop wed as ek jy is nie.” |

2.11. Watter soort werk doen Chantal se pa? 1

2.12. Die volgende stelling is WAAR.

**Die seun in die uittreksel is ‘n ordentlike ou.**

2.12.1. Bewys jou antwoord deur ‘n rede te gee. 1

2.13. Watter soort werk doen sy pa ? 1

**[15]**

**Vraag 3: Die Beach ( Lindsay King)**





Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

| |
|---|
| Soos ek gesê het, dit was vrekwarm. Op die promenade het uitgebleikte ou anties met hengse hoede en sonsambrele op bankies gesit. Maar die skraal figuur het agter hulle versteen, was kaal, sonder skaamte, en hy’t harder gepraat as die branders, sonder om ‘n geluid te maak.<br><br>“ Strand en see, slegs blankes”, net soos die woorde op die bankies van die uitgebleikte anties en hul vuil wit poerrels met meer regte as die ongebleiktes. So who cares if they shit on the beaches? We can’t even swim there ... |

3.1. Waarna verwys die " skraal figuur" ? 1

3.2. Gee die standaard Afrikaanse woorde vir:

3.2.1. gebleiktes 1

3.2.2. ongebleiktes 1

3.2.3. colour 1

3.3. Watter wet het die spreker daardie dag op die strand oortree? 1

> Die gemmerbroodmannetjie het so pas sy sandkasteel klaar en wys wat hy met skulpies versier het aan die antie, toe ek soos 'n trekesel by hulle opdaag om die glas terug te gee.
>
> " Is you leaving now? Was you enjoying it?" vra sy glimlaggend toe ek die glas na haar uitsteek.
>
> "Ja, mêrrim, en thanks virrie Coke. Dis hoeka my favourite," sit ek selfs die skollies op die Cape Flats 'n kop aan.

3.4. Met wie praat die spreker? 1

3.5. Waarom word haar seuntjie " die gemmerbroodmannetjie" genoem? 1

3.6. Wat was die seuntjie besig om op die strand te doen? 1

3.7. Kies die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die antwoord neer.

3.7.1. Die vrou dink die spreker kom van (Duitsland/ Italiè/ Venesiè) 1

3.8. Verduidelik wat " 'n skollie" is. 1

3.9.1. Verduidelik wat die " Cape Flats" is. 1

3.9.2. Waarvoor is dit bekend? 1

3.10. **Die spreker gee sy ware identiteit weg.**


3.10.1. Stem jy saam met die stelling? Ja of Nee? 1

3.10.2. Bewys jou antwoord deur uit die uittreksel aan te haal. 1

3.11. Gee een betekenis vir die titel: Die Beach. 1

**[15]**

**Vraag 4:  Eenrigtingkaartjie ( John M. Floyd)**




Lees die onderstaande uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Die Kaartjie.
>
> Sy ruk haar horlosie so vinnig uit haar sak dat sy die res van die drinkwater uit die glas mors.  Sy kyk verward daarna, terwyl haar hart wild klop.  Dit was kwart oor twaalf.  Vertrektyd was op die kop twaalfuur.  Mary Lou se asem begin skielik jaag. Haar oë word dof; sy sien kolletjies voor haar oë.  Dit was te laat.

4.1.  Kies die korrekte antwoord.  Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.

4.1.1.  Na watter bestemming sou Mary Lou die kaartjie kon gebruik?

A.  New York

B.  Southampton

C.  Washington 1

4.2.  Vir watter familielid wou sy graag gaan besoek? 1

4.3.  Wat was Mary Lou se vriendin se naam? ( Gee die naam en van) 1

4.4.  Watter soort werk het sy en Mary Lou gedoen? 1

4.5.  Watter soort persoon was hulle baas, mev. Billings? 1

4.6. In watter twee dinge was Mary Lou nie baie gelukkig nie? 2

4.7.  Kies die woorde in die blokkie hieronder om die sinne korrek te voltooi.
Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| beskermengel | retoerreis | kerklotery | ysterpannetjie | inwydingsvaart |
| werkgewer | kamermaat | enkelrit | | |

Mary Lou het die kaartjie in ‘n (4.7.1.________) gewen. Die kaartjie was vir ‘n (4.7.2.________) op die (4.7.3._________) van die Titanic. Mary Lou se (4.7.4.________) het haar lewe gered toe sy aangeval is. Daar was geglo dat sy ‘n (4.7.5._______) gehad het om haar geluk te bring. Mev. Biilings was haar (4.7.6._______) . (6X ½=3)


4.8. Waarheen was Mary Lou op pad toe sy aangeval is? 1

4.9. Die volgende stelling is WAAR.

**Die pannetjie in haar tas, het Mary Lou se lewe gered.**

4.9.1. Gee ‘n rede om jou antwoord te bewys. 1

| |
|---|
| Sy gee ‘n diep sug, vee ‘n traan weg, draai om en begin die lang ent huis toe stap.<br><br>Dis nou geluk vir jou, dink sy. |



4.10. Waarom was Mary Lou so hartseer? 1

4.11. Waarom is die laaste sin van die uittreksel so ironies? 2

**[15]**

**Totaal vir Afdeling A : [60]**

**AFDELING B: GEDIGTE**

Beantwoord <u>AL</u> die vrae wat volg.



**Vraag 1 : Sefapano ( Johann Lodewyk Marais)**

**Sefapano**

Kruis
na die
opslaan
ons oè
waarheen ons
op die berg
ditapole
mekopu
poone
dikgoho
dipodi
dipere
dikgomo
vir reèn
gaan bid
sing
met ‘n stok
agter die moruti
werksklere
mans in
komberse
vroue met kopdoeke
stofbesaai
deur die suurveld
beweeg
begin die stoet
kom hulle bymekaar
van Hlomisa
aan die voet

1.1 Wat beteken die titel van die gedig? 1

1.2 Waarom is die gedig ‘n vormgedig ? 1

1.3 Waarna verwys Hlomisa in die gedig? 1

1.4 Gee die **Afrikaanse woorde** vir die Sotho woorde wat volg:

1.4.1. dipodi
1.4.2. ditapole
1.4.3. moruti
1.4.4. dikgoho (4 X ½ = 2)

1.5. Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit die gedig aan. 1

1.6. Watter tradisionele klere dra die vrouens in die gedig? Noem twee dinge. 2

1.7. Wat is die tema van die gedig? 1

1.8. Watter graansoort word as stapelvoedsel gebruik? 1

**[10]**

**Vraag 2: Oppie Cape Flats (Willem Fransman) (junior)**

**Oppie Cape Flats**

(met apologies aan Toon van den Heever)

1. Oppie Cape Flats waar dit crowded is
2. en djy skaars die hiemel boe kan sien
3. Waa snotnies laaities haastig oor biesage
4. strate virrie karre moet saaidstep



5. Waar die girlies nog moet rollers innie
6. hare innie strate loep ...
7. Waar 'n mens glattie lekke asem kan kry
8. nie oorrie dagga fumes innie lug ...
9. En God van djou vegiet het!
10. Daa het ek opgegroei, my broe

11. En as ek innie propvol tronk sit
12. en kopvriet oo' my crimes, dan droem
13. ek vannie nice time:
14. vannie disco's ...
15. ennie daylight robberies ..
16. ennie nice times moet Myra vannie Kriefgat!



17. Oppie Cape Flats, waar dit crowded is
18. en djy glattie vêr kan sien oorie baie shacks
19. (Die buttons se blou roek lat djou oë soema traan)
20. Daa wag my mense nog vir my,
21. wag al vi siewe djaar!
22. Ma as die ve'lange na my familie stêk wod en

23. ek hoo die guard se slietels raas,
24. dan wish ek soe ek was by my laaitie
25. om hom te warn tien 'n liewe soes myne!
26. Dan soek ek in my mind al die tye
27. Op waa ek skiefgetrap het asse laaitie

2.1. Waar bevind die spreker homself nou? 1

2.2. Watter taal gebruik die spreker? 1

2.3. Pas die woorde in KOLOM B by die woorde in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter as antwoord neer.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 2.3.1." moet Myra vannie kriefgat" | A. uitroepteken |
| 2.3.2." die guard se slietels raas" | B. vrye vers |
| 2.3.3." Waa snotnies laaities haastig" | C. personifikasie |
| 2.3.4."en as ek innie propvol tronk sit" | D. assonansie |
| 2.3.5. Beklemtoon die spreker se emosies | E. alliterasie |
| 2.3.6. rymskema | F. taalfout |

(6 X ½ = 3)

2.4. Watter woord in die eerste versreël sê vir jou dat daar baie mense op die Cape Flats is? 1

2.5. Noem een tipe dwelm wat in hierdie gedig genoem word. 1

2.6. Vir wie vra Willem Fransman om verskoning? 1

2.7. Waarom kan die mense op die Kaapse Vlakte skaars die hemel sien? 1

2.8. Wat is die stemming van hierdie gedig? 1

**[10]**

**Vraag 3 : Nag in Kentucky Fried Chicken (André Letoit)**

**Nag in Kentucky Fried Chicken**

1. Om ‘n geslaagde selfmoord te beplan
2. Is selfs moeiliker as ‘n kinderpartytjie.
3. Ek is nie so goed met afskeidsnotas nie
4. En boonop kan ek nie
5. Aan ‘n goeie rede dink nie.
6. Ek is nie verveeld nie
7. Ek voel nie depressief nie
8. Die lewe is nie sinloos nie
9. Ek het nie eers ‘n meisie
10. Wat my kan verwerp nie
11. Ek het vrede met die maatskappy
12. Ek groet polisiemanne in die verbygaan.
13. Ek is normaal wanaangepas.
14. Niemand haat my nie.
15. Ek het geen dringende armykampe nie.
16. My sekslewe is gevarieerd en redelik opwindend.
17. Maar

18. Ek wil nooit weer die WP sien verloor nie.

3.1. Waar is hierdie gedig geskryf? 1

3.2. Wat word die WP deesdae genoem? 1

3.3.1. Wat noem ons die verskynsel in versreël 13? 1
3.3.2. Wat impliseer die spreker van mense in die algemeen as ons na versreël 13 kyk? 1

3.4. **Die spreker in die gedig het ernstige probleme.**

3.4.1. Die bogenoemde stelling is ONWAAR.
Bewys jou antwoord deur uit die gedig aan te haal. 1

3.5. Om watter rede skryf mense afskeidsbriewe? 1

3.6.1. Waarom wil die spreker selfmoord pleeg? 1
3.6.2. Dink jy dis ‘n goeie rede? Sê JA of NEE. Waarom? 1

3.7. Kies die korrekte antwoord. Skryf die nommer en die antwoord neer.
3.7.1. Hierdie gedig is (tragies/ humoristies/ ernstig) 1

3.8. Wanneer het die spreker hierdie gedig geskryf? 1

**[10]**

**Vraag 4 : In die Hoëveld ( Toon van den Heever)**
**In die Hoëveld**



1. In die Hoëveld, waar dit oop is en die hemel wyd daarbo,
2. Waar kuddes waaigras huppel oor die veld,
3. Waar 'n mens nog vry kan asemhaal en aan 'n God kan glo,
4. Staan my huisie wat ek moes verlaat vir geld.
5. En as ek in die gange van die myn hier sit en droom
6. Van die winde op die Hoëveld, ruim en vry,
7. Dan hoor ek die geklinkel van my spore, saal en toom,
8. Sawens as ek bees of skaap toe ry.

9. Op die Hoëveld, waar dit wyd is, waar jy baie ver kan sien,
10. (die ylblou bring 'n knop dan in jou keel)
11. Staan my huisie nog en wag vir my, wag al 'n jaar of tien,
12. Waar die bokkies op die lei-grafstene speel.
13. Maar as die tering kwaai word en ek hoor die laaste fluit,
14. Dan sweef ek na die Hoëveld op die wind
15. En soek dan in die maanlig al die mooiste plekkies uit
16. Waar ek kleiosse gemaak het as 'n kind.

4.1. Waarom moes die spreker sy huisie verlaat? 1

4.2. Watter siekte het die spreker in die myne opgedoen? 1

4.3. Die volgende stelling is WAAR. Bewys jou antwoord deur een versreël uit die gedig aan te haal.

4.3.1. **Die spreker kan vrylik asemhaal in die Hoëveld.** 1

4.4. Gee die moderne woord vir "sawens". 1

4.5. Watter woord in strofe 1 beskryf die ruimte van die Hoëveld. 1

4.6. Vir hoe lank het die spreker in die myn gewerk? 1

4.7. Waarom kan hy nie terugkeer na die Hoëveld nie? 1

4.8. Watter woord in strofe 2 maak die spreker hartseer. 1

4.9. Wat beteken "ek hoor die laaste fluit"? 1

4.10. Wat het die spreker as kind op die Hoëveld gedoen? 1

**[10]**

**Totaal vir Afdeling B : [40]**

**GROOTTOTAAL : [100] : verwerk na {70}**